Boodskap vir Sondag 5 Julie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Toe ek nog studeer het, was ek vir ’n jaar of wat dosente-assistent. Die werk het behels al die sloerwerk, donkiewerk en ander minder aangename take. Een van die dosente het eendag vir my gesê dat die swaarste werk op aarde is om swaarmoedig te wees. Op ’n ander keer in die teekamer het hy sommer vir almal gesê die lekkerste arbeid is om vrolik te wees. Hoe gemaak in hierdie tye waar omtrent alle nuus alle blydskap opvreet, waar die boodskappe klink of Armageddon ons voorlê.

Die Prediker in sy 11de hoofstuk sê *mens moet jou brood op die water werp want eendag kry jy dit terug*. Lukas sê in sy hoofstuk 9:62 *dat iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie*. *Paying it forward* het al ’n bekende spreuk geword. So kan mens aanhou mooi en goeie en waarhede kwytraak as jy wil. Die droogte wat al jare kom het sekerlik hoeka oorgespoel na die beursies toe nes die coronavirus sy lêplek gekry het in die politieke en ekonomiese slagvelde.

Bybelversies soos *wie karig saai, sal karig oes* is soos ’n klap in die gesig. Om vir die gemeente te vertel dat die bydraes min of meer opgedroog het, klink soos om bloed uit ’n klip te tap. Wanneer weer met eredienste begin kan word, is onbekend en blykbaar gaan dit vir volgende twee maande net erger gaan in die Eden distrik.

Die ergste, vermoed ek, is nie om die emosie van swaarkry los te laat nie, maar om oppervlakkig en lig om te gaan met die omstandighede. Van die beter dinge om te doen, is om verdraagsaam met mekaar te wees want swaarkry maak mens se uitlaatpyp wyd oop. Om die realiteite te verdoesel is geen oplossing. Om moed op te gee ook nie. Dit is in sulke tye dat mens na die Here soek en gryp en bid. Waar anders? Maar dit beteken nie om Gods water oor Gods akker te laat loop nie. Wat eerder geld is dat ons op ’n sekere manier medeskeppers met die Here op die aarde is.

Een van die antwoord is met ons, in ons en by ons. Ons het die verantwoordelikheid in vrye wil om altyd te kies hoe ons gaan reageer op ons omstandighede. Die blits voor hierdie donderstorm is wat genoem word ons intensie. Alle intensies dra die meelewende nodigheid van ’n eerste aksie om die intensie te bewerkstellig. Hoe ook al die gevolg daarop vir jou lyk, geld die beginsel dat enige klein verandering aan die begin ’n baie groot gevolg het waar dit uitspeel – merendeels genoem die skoenlapper-effek, maar deesdae die Twitter-effek. Die kleinste reaksie wat jy ook al toelaat, het ’n gevolg. Daarom is die aanbeveling aldus Prediker 11 *om jou brood op die water te werp en eendag kry jy dit terug*. Daarom is daar wel iets soos *paying it forward*. Daarom kan mens die hand aan die ploeg slaan en vorentoe fokus eerder as om heeltyd agtertoe te kyk.

Deel van mens se oortuigings blom voort in jou gesindheid. ’n Voorbeeld is, soos in Hebreërs 10:19-25 staan, om styf vas te hou aan die hoop wat jy bely met die wete dat jou Skepper getrou is; ook na mekaar omsien en aan te spoor tot liefde; samekomste van gemeente benut. Die hoop wat ons het in Christus behoort ons aan te spoor om voluit te waag soos die Gees ons lei soos in Kor. 9:6-7 // *Wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief*.

Om saam te vat: In moeilike omstandighede kan jy kies tussen vrees en liefde; tussen te waag in die hoop wat jy het, of om boedel oor te gee; tussen deel wees van jou gemeenskap, of jouself toe te kluister; te kies tussen klein treetjies vorentoe, eerder as te wag om groot tree te gee; om saam met die Here skeppend te wees, eerder as om die vernietiging jou laat onderkry; om te kies om God wat water uit ’n woestynklip laat vloei het te vertrou, of om in sirkels rond te karring op pad nêrens heen nie; om

te weet dat jou oortuigings, gesindhede en intensies die pad vooruit plavei, of om stof op te skop oor niks reg is nie.

In die rolprent *Fidler on the roof* vra die Jode in die dorpie aan hulle rabbi of daar ’n seën is vir die Tsar wat hulle grootste vyand en bedreiging is, waarop die rabbi teen die agtergrond van sy siening dat daar altyd ’n seën vir alles is, dat YHWH asseblief die Tsar moet seën om so vêr as moontlik van hulle weg te bly. Om te vervloek help nie, om te kla help nie, om swaarmoedig te wees help nie, maar wat help is dat ons tot alles in is staat deur Christus wat ons die krag gee soos staan in Filippense 4:13.

Mag elkeen geseënd wees in die vreugde van Christus!

Amen.